LA RETIREMENT FUND
Verseker jou aftrede

NUUSBRIEF VIR LEDE

Vol 03 | Desember 2022

BOODSKAP VAN DIE HOOFBEAMPTE

Beste Lid

Ons het die einde van nog 'n besige jaar bereik, wat deur heelwat wisselvalligheid in die beleggingsmarkte gekenmerk is. Die Fonds het te midde van die strawwe marktoestande veerkragtig gebly om te verseker dat u bates in hierdie tyd steeds beskerm word.

Ons beleggingswebinaar oor die tweede kwartaal is op 13 September gehou, en die webinaar oor die derde kwartaal op 28 November. Ons het die webinare opgeneem vir lede wat dit nie kon bywoon nie. Die webinare is op die Fonds se webwerf beskikbaar by "News / Webinars".

Ons sal eersdaags ons 2023-besoeke aan die verskillende munisipaliteite begin beplan en ons hoop om u volgende jaar by ons voorligtingsessies vir lede te sien.

Ons het 'n artikel oor die Fonds se bygewerkte webwerf en Facebook-bladsy ingesluit. Ons hoop u geniet dit as lede van die LA Aftreefonds-gemeenskap om hierdie werwe gedurende die vakansietyd te besoek.

Ons wens u 'n veilige en vreugdevolle tyd saam met u geliefdes toe gedurende die vakansieseisoen, en ons sien uit daarna om meer nuus met u te deel in 2023.

"Persistence and resilience only come from having been given the chance to work through difficult problems." – Gever Tulley

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

connection

JAARLIKSE VOORDEEL STAAT

U voordeelstaat soos op 30 Junie 2022 is op 30 September 2022 aan u gestuur. Dit is 'n baie belangrike dokument omdat dit vir u besonderhede gee oor die groei van u Fondsbelang oor die afgelope jaar, asook inligting oor die risikovoordele wat u gekies het.

Ons het op Dinsdag 4 Oktober 2022 om 11:00 'n webinaar gehou waar Derek van Wyk van Verso Finansiële Dienste, die Fonds se administrateur, gesels het oor die besonderhede wat in u voordeelstaat verskyn. Hy het ook inligting verskaf oor die bywerking van u vertroulike begunstigdebenoemingsvorm vir die Fonds en die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel.

U voordeelstaat word jaarliks ná die Fonds se jaareinde op 30 Junie uitgereik, en dit gee u die geleentheid om na te gaan of u nog op koers is met u aftreespaar-fondse.

Die webinaar is opgeneem en is op die Fonds se webwerf beskikbaar by "News / Webinars".

"A good half of the art of living is resilience."

— Alain de Botton —

WEBWERF & FACEBOOK

Die Fonds het sy nuwe en maklik navigeerbare webwerf bekend gestel - besoek dit gerus by (www.laretirementfund.co.za).

Die webwerf bevat handige inligting oor die Fonds, en vorige kommunikasie is op die webwerf vir u beskikbaar om enige tyd te lees.

Die Fonds het ook 'n Facebook-bladsy geskep (www.facebook.com/LARetirementFund). Ons hou ons lede op Facebook op hoogte van belangrike Fondsinligting en besonderhede omtrent ons besoeke aan die verskillende streke. As u op Facebook inteken, "like" asseblief die Fonds se bladsy sodat u kennisgewings kan ontvang van wat ons daarop plaas.

WEBINAAR-OPNAMES

Ons weet ons lede het 'n besige jaar gehad en kan nie altyd ons insiggewende webinare bywoon nie. Baie lede sal nou verlof neem, en sommige wonder miskien hoe om hul vrye tyd te gebruik.

Dit is 'n goeie tyd om in te haal en na ons webinare te luister. Hulle is kort - die meeste duur ongeveer 30 minute en is maklik om na te luister. U kan die webinare op die Fonds se webwerf onder "News / Webinars" oopmaak.

BESOEKE AAN LEDE

Glenda Kunene en Rina Syer was baie besig met besoeke aan ons lede. Dit was opwindend om weer die verskillende munisipaliteite ná 'n onderbreking (weens Covid-19) van bykans twee en 'n half jaar te besoek. Soos voorheen gekommunikeer, sal ons probeer om soveel van ons lede as moontlik te sien. Dit hang af van die koste, of dit moontlik is om na al die verskillende streke te reis, en of die werkgewer ons op hul perseel sal toelaat en geskikte vergaderplekke sal verskaf. Ons sal u, ons lede, in kennis stel wanneer ons u onderskeie gebiede besoek, en ons sal ook die besonderhede op Facebook plaas.

Ons het 'n foto ingesluit van een van ons onlangse besoeke, waar u ons nuwe 2023-kalender en die Fonds se plakkaat kan sien wat besonderhede oor die Fonds se uitsonderlike voordele verskaf. Ons het die Mensehulpbronne-personeel gevra om hulle in die kantore te vertoon. Wees op die uitkyk hiervoor. Daar is nog foto's op die Fonds se webwerf by "Gallery" beskikbaar.

KOMPETISIE - Ons bied 'n kompetisie aan waarin u 'n prys kan wen. Al wat u moet doen, is om u foto langs die Fonds se kalender en/of plakkaat te laat neem. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is Donderdag 31 Januarie 2023. Die wenner sal kort daarna aangekondig word.

Stuur asseblief hierdie foto na:
E-pos: competition@laretirementfund.co.za
WhatsApp: 081 778 0923
Wanneer u die foto stuur, sê vir ons wat u naam en pensioennommer of identiteitsnommer is, en by watter munisipaliteit u werk.

BEGUNSTIGDE BENOEMINGS VORM VIR BEGRAFNIS-VOORDEEL

Ons het ons lede sterk aangemoedig om die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel in te vul, maar ten spyte hiervan het net 11% van ons lede dit gedoen. Gevolglik was daar lede wat te sterwe gekom het, wie se familie nie die geldmiddele gehad het om die begrafnis te reël nie. Moet asseblief nie u familie in so 'n situasie plaas nie.

As u nie die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel ingevul het nie en te sterwe kom, bepaal wetgewing dat die versekeraar u begrafnisvoordeel uit u boedel moet betaal.

As u nog nie die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel ingevul het nie, is dit belangrik dat u dit so gou as moontlik doen en terugstuur na support@laretirementfund.co.za. Maak asseblief seker dat u hierdie besonderhede op datum hou. Die vorm is op die Fonds se webwerf beskikbaar by "Forms / Funeral Benefit Beneficiary Nomination Form", of u kan die Fonds se oproepsentrum skakel en hulle sal u help.

U moet die persoon wat vir u begrafnis verantwoordelik sal wees, op die Begunstigdebenoemingsvorm vir die Begrafnisvoordeel benoem.

U HET GEVRA - ONS HET GELUISTER

Ons het voorheen gekommunikeer dat die Fonds deur verskeie lede versoek is om die opsietydperk vir lede te heropen om die Vrywillige Kritiekesiektedekking te kies. Na onderhandeling met die versekeraar is 'n opsietydperk van 1 September 2022 tot 31 Oktober 2022 aan lede gegee om by die Vrywillige Kritiekesiektedekking aan te sluit of hul huidige dekkingsvlak te verhoog.

Ons is verheug oor lede se gebruikmaking hiervan – 78 lede het hierdie voordeel gekies, en 5 lede het hul dekkingsvlak verhoog. Die opsietydperk het om middernag op 31 Oktober 2022 verstryk.

Dit is wat u Fonds so uniek maak. Die Fonds se Raad van Trustees luister na u behoeftes en help lede waar hulle kan.

DIE TWEEPOT-STELSEL

In vorige nuusbriewe het ons die Nasionale Tesourie se voorstelle ten opsigte van die tweepot-stelsel bespreek. Die Tesourie was in gesprek met verskeie belanghebbendes en het op 20 September 2022 aan die Staande Komitee oor Finansies 'n konsep-antwoorddokument gegee wat reaksies insluit op kommentaar wat oor die tweepot-stelsel ontvang is.

Hoewel daar sake is waaroor die Tesourie nog moet besluit, het hulle verdere insig gegee in hul sienings oor verskeie kwessies.
Hier is 'n opsomming van die Tesourie se reaksies en voorstelle:

- Die implementeringsdatum van 1 Maart 2023 is verander na 1 Maart 2024.
- Alle fondse sal verplig wees om die tweepot-stelsel toe te pas.
- Die Tesourie het gesê dat die regering, onderhewig aan voorwaardes waaroor nog besluit sal word, geneë is dat 'n deel van wat 'n lid voor 1 Maart 2024 in 'n fonds opgebou het, na die lid se spaarpot oorgedra kan word sodat die lid toegang daartoe sal hê. Hierdie voorstel sal nog verder bespreek word, en kan nie op hierdie stadium as 'n definitiewe reëling beskou word nie.
- Vanaf 1 Maart 2024 moet een derde van netto (d.i. na aftrekking van koste) bydraes na die spaarpot gaan, en die oorblywende twee derdes van netto bydraes na die aftreepot.
- Aangesien afleggings nie vrywillig is nie, het die Tesourie voorgestel dat beperkte onttrekkings – wat as 'n annuïteit deur die Fonds betaal moet word – moontlik uit die aftreepot toegelaat sal word indien die lid afgelê word. Dit is onderhewig aan voorwaardes met betrekking tot voordele uit die Werkloosheids-versekeringsfonds en die bedrag aan inkomste wat die lid ontvang.
- Die minimum jaarlikse onttrekking uit die spaarpot bly R2 000 (voor aftrekking van fooie). Daar is verskeie sake wat nog oorweeg moet word voordat dit finaal word. Op hierdie stadium, en tot tyd en wyl bogenoemde in wetgewing bekragtig word, moet lede daarop let dat 'n onttrekking uit die Fonds nie toegelaat word terwyl die lid nog werk nie.

"We are like islands in the sea, separate on the surface but connected in the deep."

— William James —

KANTOORURE GEDURENDE DIE FEESTYD

Die Fonds se oproepsentrum sal gedurende die feestyd oop bly van 08:00 tot 16:00. Ons is hier om u met enige navrae te help.

E-pos: support@laretirementfund.co.za
Tel: 021 943 5305
WhatsApp: 081 806 9959 (van 08:00 tot 16:00)
Instap: Belmont Kantoorpark, Twiststraat, Bellville (van 08:00 tot 16:00)

U kan ook vir Glenda Kunene by 081 778 0923 skakel oor enige Fondsverwante sake.

Afreevoordeleraaadgewer / Kliënteskakelbeampte

Die Fonds se Afreevoordeleraaadgewer, Grant Greenfield, en die Kliënteskakelbeampte, Glenda Kunene, is beskikbaar om te help met enige vrae wat u oor die Fonds het.

Hulle kan gekontak word by:

Grant Greenfield
(Afreevoordeleraaadgewer)
021 943 5305,
of e-pos:
support@laretirementfund.co.za

Glenda Kunene
(Kliënteskakelbeampte)
081 778 0923,
of e-pos:
glendak@verso.co.za

Die Fonds se WhatsApp-nommer 081 806 9959 gee lede maklike toegang om doeltreffend met die Fonds te kommunikeer.

Trustees
Mnr DL Carstens (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Adv CJ Franken | Mnr J Jacobs | Mnr J Lawack | Mnr WR Meiring
Mnr S Philander | Mnr JAH van den Berg
Hoofbeampte | Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei 7536 | Belmont-kantoorpark | Twiststraat | Bellville | 7530
WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | Faks 021 917 4114 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | Fondsregistrasienommer 12/8/1278/2| https://www.facebook.com/LARetirementFund